**1 Maart** **Skrifgedeelte: Sagaria 3:1-10**
**HK, Vraag 60**

## Alleen deur geloof in Christus bevry

U voel miskien as gevolg van eie sondes en gebreke dat u saak beslis nog nie reg is voor God nie. Hoe gaan jy jouself ooit kan verander? Ons moet weet wanneer ons eendag voor God se troon moet staan, sal alle maskers wegval. Alle slim redenasies en verontskuldigings oor ons lewe sal binne sekondes in die niet verdwyn. Ek hoor jou al: “Ek is ’n pa, maar mag my kinders tog nie eendag die spore trap wat ek voor hulle geloop het nie!” Ons ouer mense weet hul verkeerde besluite van jare gelede spook nog altyd hier binne. By die aanhoor van die Tien Gebooie sak my kop by elke gebod net dieper. “As God my na reg wou gadeslaan ...” (Vgl. Rom 3:9, 10.)

Net soos Satan in Sagaria 3 vir Josua aangekla het, skop hy nes in ons hart en probeer ons oortuig van ons verlorenheid. Maar God luister nie na Satan nie, steur Hom in daardie beslissende oomblikke van u en my lewe nie eers aan ons eie gewete nie. In 1 Johannes 3:20 staan daar: “As ons gewete ons veroordeel – God is groter as ons gewete, en Hy weet alles.” God ken ons, maar Hy sien eerste sy eniggebore Seun raak waar Hy in ons plek voor ons staan. Ons staan daar asof ons nooit gesondig het nie.

Dink so daaraan: Ek bied jou ’n blok sjokolade aan. Voordat jy die soet smaak van die sjokolade gaan proe moet jy dit eers neem, oopmaak en eet. Net so moet ons die waarheid van ons vryspraak in Christus met ons hart as ons eie aanneem voordat ons die soetigheid van ons verlossing sal smaak.

*Dr. JL Venter (Pretoria-Annlin)*

~~~~~~~~~~~~~~~~
~~~~~~~~~~~~~~~~